HG

LOCAL IS LEKKER

Planke toe

# PAPARAZZI




## Kliek

Sy is gewoond aan kuier saam met die room van Hollywood, maar ons eie **NICOLA BREYTENBACH** is toe al die tyd self 'n sterrejagter. Sy het by die onlangse Amerikaanse Ope in New York tougestaan om haar held, die tennisspeler **ROGER FEDERER**, se handtekening te kry. Die mooie model, wat verloof is aan die Yank-sakeman Ben Steiner, was in die wolke toe sy die tenniskampioen ontmoet. "Ek sê altyd vir Ben hy is die man vir my, maar as Roger my sou uitvra, sal ek nie eens aarsel nie," vertel Nicola. – JARED ORLIN